# PRESIDENTSREDE

In hierdie stadium kan dit miskien nie kwaaddoen om saam te vat wat ek reeds gesê het nie. U hoef nie te vrees dat ek alles sal herhaal nie, maar wat ek graag wil herhaal, is my innige spyt dat ons deur omstandighede nie die eer gegun is om sy Eksellensie die Goewerneur-Generaal, Dr. Jansen, by ons teenwoordig te hê nie.

Soos u weet, het hy gedurende sy reis in die buiteland, wat ons almal gehoop het vir hom en haar Eksellensie 'n tyd van rus sou wees, weer in so 'n mate toegegee aan die roepstem van sy plig, dat dit groot eise aan sy kragte gestel het. Ek weet ek praat namens u almal as ek die hoop uitspreek dat, noudat hy terug is in ons sonnige land, hy spoedig sy kragte sal herwin.

Terselfdertyd is dit my aangename plig om by ons te verwelkom Sy Edelagbare Die Administrateur van Natal, Mnr. D. G. Shepstone—'n man wat hom op so baie terreine beywer vir die beswil van ons mense, dat hy ook vir ons 'n ou bekende is. Sy teenwoordigheid hier is vir ons 'n eer en 'n voorreg, en dit gee alreeds aan ons Kongres 'n stempel waarop ons trots is. Aan hom ons hartelike welkom.

Welkom ook aan die uitgelese geselskap besoekers wie se teenwoordigheid onder ons nie net 'n buitengewone eer vir Suid-Afrika se Mediese Kongres is nie, maar ook 'n buitengewone eer vir die land as geheel.

Hulle kom van die setels van geleerdheid van die ou en die nuwe wêreld, en in dié opsig staan hulle nader aan die byna fantastiese veranderinge wat besig is om die wêreld van die wetenskap te oorval.

### DIE EEU VAN DIE ATOOM

Die ontdekking dat die atoom nie onverdeelbaar is nie, is besig om die wêreld met 'n ontstellende snelheid te verander, en dit mag uitloop op 'n volkome nuwe onthulling van die mens se plek in die heelal. Geen mens kan hiervan onbewus wees nie, en daar is aspekte hiervan wat geweldige veranderings sal meebring in die opleiding, uitkyk en praktiese optrede van elke medikus.

Ek noem maar een interessante kenmerk van die nuwe wetenskaplike tydperk: die veranderende nywerheidstoneel waar outomasie en atoomkrag in die diens van produksie ingespan word. Die mens het nog altyd sy individuele, sosiale, en politieke lewe rondom sy werk georganiseer.

Hy is betaal *om te werk*. Maar die rewolusie wat voor die deur is, mag daarop uitloop dat hy in die toekoms betaal sal word *om nie te werk nie*, en 'n mens kan 'n tyd voorsien wanneer die mediese probleme van mense wat nie werk nie, net so belangrik sal wees as die industriële probleme van mense wat werk. As medici kry ons alreeds te doen met die kwale van mense wat nie werk nie, wat nie werk het om te doen nie, en gevolglik nie die genot smaak van die beloning van werk nie. Baie mense sal nie die spoedige aanpassing in elke afdeling van die lewe kan maak nie, en die gevolg sal wees individuele kwale van gees en liggaam, en maatskaplike kwale wat behandeling vereis.

DIE MEDISYNE EN DIE WETENSKAP

By 'n oorweging van die rol van die mediese wetenskap in die nuwe wêreld wat op ons wag, moet ons hulde bring aan die geweldige bydrae wat die ander wetenskappe gelewer het en moontlik nog sal lewer tot die besondere wetenskap wat ons bedryf. Tog sal daar altyd 'n groot verskil tussen die mediese wetenskap en die ander wetenskappe wees, want die mediese wetenskap is die studie en sorg van die individuele lewende mens, homosapiens, en sy kwale is nie net funksioneel en organies nie, maar ook sielkundig en geestelik. Die mens is maar 'n snaakse ding: om die beurt 'n God en 'n duiwel, maatskaplik 'n georganiseerde insek, 'n atoom in die groter mensdom. Die mediese wetenskap is maar een oord waarheen hy hom wend vir sy welsyn en sy redding. Dit is dus belangrik dat die mediese wetenskap toegerus sal wees om sy taak in die nuwe wêreld te vervul. Hierdie land en hierdie vasteland het ook sy bydraes om te lewer. Daar is met waarheid gesê, en in hierdie verband, dat Suid-Afrika 'n mikrokosmos van die wêreld se makrokosmos is, een van die wêreld se groot laboratoria, en dat hy sowel in die breë mediese sin, as in ander afdelings, baie spesiale probleme het vir ondersoek en navorsing. Baie van hierdie probleme raak nie die gemiddelde algemene praktisyn nie, maar ek verwys na hulle om die aandag te vestig op 'n onlangse ontwikkeling in die mediese wêreld, die wêreld-gesondheidsorganisasie, en die wêreld mediese vereniging. In die afgelope jare het ek af en toe die eer en die geleentheid gehad om 'n aantal van die kongresse van die wêreld mediese vereniging by te woon. Ek het altyd teruggekom met twee indrukke.

Die eerste is hoe 'n individuele wetenskap die mediese wetenskap is, hoe persoonlik sy toepassing, hoe individueel ons roeping as medici wat belas is met die gesondheid en welsyn van die pasiënt. Hoe geweldig die veranderinge rondom ons ook al is, sal die mediese wetenskap in die laaste instansie tog voortdurend berus op die deugde van karakter, en toewyding, en die bekwaamheid van die algemene praktisyn, die chirurg, die heelkundige, al diegene wat daagliks in aanraking met die pasiënt kom.

Die tweede indruk is hoe daar uit die behoefte van die mens dwarsdeur die wêreld eers die wêreldsverenigings van medici verskyn het, en uit hulle, en moontlik juis vanweë hulle, 'n nuwe soort medikus, 'n soort wetenskaplike-filosoof-staatsman, sommige van wie vanaand by ons is, wat in hulle die belofte inhou vir ons, en die res van die mensdom, van 'n nuwe onthulling wat ons sal bystaan terwyl ons die nuwe tydperk binnetree.

Tussen die twee, tussen die algemene praktisyn en die staatsman van die medisyne, as ek hom so mag noem, lê die hele omvang van die medisyne tans en die rol van die medisyne in die toekoms. Ek wil graag dink dat die organisasie wat ons vir ons taak nodig het nooit die individuele aard van ons roeping sal weg organiseer nie, of die drang tot diens, en die ondersoekende gees, die gees wat vorentoe kyk, die eenvoudige menslikheid as 't ware uit ons sal sosialiseer nie. Want al hierdie dinge behoort, indien hulle dit nie wel is nie, die wetenskap waarvan ons 'n deel is te versier. Aan daardie doelstelling, glo ek, word hierdie Mediese Kongres gewy, net soos so baie ander dwarsdeur die wêreld. Ek, as voorsitter, is inderdaad dankbaar teenoor almal wat so vrywillig van hulle tyd, hulle kragte, en hulle kennis gegee het om hierdie Kongres te bestempel as 'n geleentheid wat die moeite werd is in die openbare belang.